Spesiale Uitgawe 2005

Sentinel

Eseg/Ezech 33:3-6

Mistieke Oosterse Praktyke in die Kerk?

Japie Grobler

In opvolging van ’n vorige artikel, *Eindbestemming: Hemel of hel?*, en as gevolg van die huidige tendense wat in die Kerk opgemerk word in die poging om meer mense te probeer beweeg om kerkdienste by te woon het dit noodsaaklik geword om van hierdie pogings en metodes in oënskou te neem.

“So sê die Here: Staan by die kruispaaie en kyk, en vra na die ou paaie. Vra watter pad die beste is en loop dit, dan sal julle rus vind. Maar hulle het gesê: ‘Ons sal nie daardie pad loop nie.’” (Jer 6:16)

Prof Johan Malan van die Universiteit van Limpopo skryf soos volg: “Die mens het nog altyd daartoe geneig om die gesag van God te verwerp en alleenbeheer oor sy lewe uit te oefen. Ook sy godsdiens moet só aangebied word dat dit aan sy eie belange en begeertes dienstig is. Dit moenie die lewe vir hom moeilik maak nie. T.A McMahon (***The Berean Call***, Maart 2005) sê: ‘’n Verbruikersvriendelike godsdiens is ’n benadering wat daarop ingestel is om die Christendom materieël én geestelik te verryk, en ook nuwe bekeerlinge te lok, deur metodes te gebruik wat nie aan die Bybel of die Heilige Gees getrou is nie. Dit is op die bevrediging van die mens se gevalle natuur ingestel, en verheerlik dus die mens eerder as vir God.’ “Dít moet jy weet: in die laaste dae sal daar swaar tye kom. Die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemense en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig...” Of anders gestel. Die gevalle mens is ’n liefhebber van homself, ’n geldgierige en ’n trotsaard, maar terselfdertyd ook iemand wat van ’n gedaante van godsaligheid hou. (2 Tim. 3:1-5)

“’n Verbruikersvriendelike godsdiens, waarin die belange en begeertes van die verbruiker vooropgestel word, is so oud soos die mensdom self. Dit het onder die direkte aanstigting van Satan in die paradys begin. God het aan Adam en Eva groot regte en voorregte gegee, wat beheer oor die hele natuurlike skepping ingesluit het, maar hulle verbied om vrugte van die boom van die kennis van goed en kwaad te eet. Hulle sou sekerlik sterwe indien hulle hierdie gebod sou oortree.

“Satan het God se woorde heeltemal verdraai en ook die feit ten sterkste ontken dat Hy die mens sou oordeel. Inteendeel, het hy gesê, Adam en Eva sou soos God word as hulle van die vrugte eet – hulle geestelike oë sou oopgaan en hulle sou gode word. Hierdie valse raad was vir hulle heel aanvaarbaar en hulle het dit in stryd met God se duidelike waarskuwings aanvaar. Sodoende het hulle die sondeval en hulle uitwerping uit die tuin van Eden bewerk. Hulle het geestelik dadelik gesterf omdat hulle van God as die bron van die lewe vervreem geraak het. Hulle het ook fisies sterflike mense geword. Dit was die gevolg van die mensgerigte, verbruikers-vriendelike godsdiens wat die duiwel aan hulle opgedis het.

“Deur offers, skuldbelydenis en verootmoediging sou Adam en sy nakomelinge weer met God versoen kon word, maar dit sou onder moeilike omstandighede wees – beslis nie op ’n verbruikersvriendelike manier nie. Die meeste mense het egter hulle harte teen God verhard en die pad van godsdienstige leuens en sonde bó die geregtigheid van God verkies. Dit het na wêreldwye rebellie teen God gelei.”

Net soos op die terrein van die fisiese, die geneeskunde, is die gevolg ook hier op die geestelike dat daar al meer na die Ooste gekyk word vir geestelike ervarings en so kry ons met terme te make soos *spiritualiteit* i.p.v., godsdiens, *Christelike meditasie* i.p.v., oordenking, *kontemplatiewe gebed (“contemplative prayer”), sentrering (“centering”) asemhalingsgebede (“breath prayers”)* i.p.v., aanbidding en gebed waarin die bidder sy hart voor die Here uitstort. Groot is die ontnugtering wanneer die Christen ontdek dat een of meer van hierdie dinge alreeds in die Kerk is. Dat dit aan lidmate voorgehou en aanbeveel word en selfs op georganiseerde wyses aangebied word. Die rede word deur Brian Flynn, ’n ex-New Ager, so aangehaal, “We have moved away from the notion of a personal creator God and toward the divine self…we have wholly embraced the idea of *spiritual evolution* and its attendant idea of an ascending spiritual elite.” Dit word beskryf

(Na bls 3)

'n Interkerklike Evangelisasie en Uitreik-aksie/An Interdenominational Evangelization Outreach

Sentinel is die lyfblad van ***KIES*** en word kwartaalliks gepubliseer om die gemeenskap in te lig en te waarsku teen misleiding, die ware Evangelie te verkondig en die Kerk bewus te maak van die gevare wat die dwaalleer van die kultes en andersins inhou. ***Sentinel*** is the mouthpiece of ***KIES*** and is published quarterly to inform and warn the community against deception, to spread the true Gospel and to alert the Church against the heresy of the cults amd otherwise.

Skrifaanhalings, tensy anders vermeld, is uit die 1983 Afrikaanse Vertaling/Scripture quotations, unles stated otherwise, are from the NASB.

KIES funksioneer as 'n arm van die Ned Geref Gemeente Edleen en is verantwoordelik vir eie finansiering en is dus ten volle afhanklik van die vrywillige donasies van *Sentinel* se lesers en ander ondersteuners.

Disclaimer

The opinions or views expressed or implied in this publication are those of the relevant author(s) and, unless clearly stated to the contrary, do not constitute the opinion or view of ***KIES***, its controlling body, management or contributors.

Redaksioneel/Editorial

PROBEER AGTER DIE KAP VAN BYL KOM

Aangesien daar heelparty aanhalings uit Dr Willem Nicol se boek, ***Gebed van die Hart***, in die artikel, *Mistike Oosterse Praktyke in die Kerk?* verskyn, het ek dit goed gedink om sekere dinge met hom te probeer uitklaar. Ek het dit per E-pos gedoen en verskaf nou die volgende:

Ten eerste het ek aan hom die volgende fiktiewe gebeurtenis gestel (my nota aan hom is in kursief, terwyl syne nie kursief is nie):

Tydens een van my meditasie/ kontemplatiewe gebedsessies het daar 'n figuur geklee in wit en omrig deur helder lig met langerige hare en 'n baard aan my verskyn en my gewink om hom te volg. Die ervaring was een van wonderlike rus en vrede. Ek het die sessie beëindig omdat ek onseker was. Ek het vir raad gevra. Hy het soos volg geantwoord*:*

(Nicol) Onder Christene wat stilte by die Here beoefen is dit 'n baie bekende ding dat 'n mens soms spesiale ervarings het soos gesigte wat jy sien, stemme wat jy hoor of ander ekstatiese ervarings. Die algemene ervaring en oortuiging is dat 'n mens dankbaar moet wees vir sulke ervarings as hulle jou goed gedoen het, maar dat jy hulle nie te belangrik moet ag nie, dws hulle is 'n bonus wat die Here kan gee of nie wanneer Hy wil en jy moet nie na hulle soek nie en hulle laat verbygaan om weer net soos gewoonlik, met enige ander gedagte, jou aandag na die Here te draai.

Japie, soos jy jou ervaring beskryf, lyk dit vir my duidelik een wat die Here gegee het om jou geloof te versterk en om jou aan te moedig om Hom met jou hele hart te volg. Dis waarskynlik ook 'n teken dat jy al gevorder het op die pad van gebed. Ek dink regtig jy moet net aangaan met jou manier van stil word by die Here.

Enkele vrae na aanleiding van u antwoord.

Is dit moontlik dat die Bose deur gesigte ervarings en stemme ook Christene tydens hierdie gebeds sessies kan mislei?

Hoe sal 'n Christen weet dat dit wat hy sien, ervaar en hoor wel van God af kom?

U noem dat ek "moet aangaan met [my] manier van stil word by die Here". *Aangesien ek nou hierdie verskyning beleef het, wat staan my te doen wanneer dit weer gebeur, as dit weer gaan gebeur?*

Veronderstel die figuur praat met my, of vra my om hom te volg, wat doen ek?

(Nicol) Ek antwoord gou, want ek dink dit sal goed wees as jy gou weer kan begin stilword.

Jy vra: *Is dit moontlik dat die Bose deur gesigte ervarings en stemme ook Christene tydens hierdie gebeds sessies kan mislei?* Dit kom nie eintlik voor nie. Slegte magte kan jou natuurlik enige tyd probeer pla, maar dit behoort die minste van alle tye tydens gebed voor te kom en baie meer wanneer jy haastig is of jaloers of enige sulke slegte gemoedstoestande.

Hoe sal 'n Christen weet dat dit wat hy sien, ervaar en hoor wel van God af kom? Ek dink as jy in gebed is, kan jy glo jy is omring en deurdring van God se werksaamheid en kan glo alles wat in jou gebeur as sy gawes beskou, behalwe as dit duidelik met die Bybel in stryd is.

U noem dat ek "moet aangaan met [my] manier van stil word by die Here". Aangesien ek nou hierdie verskyning beleef het, wat staan my te doen wanneer dit weer gebeur, as dit weer gaan gebeur? Veronderstel die figuur praat met my, of vra my om hom te volg, wat doen ek? Wees bly wanneer sulke dinge gebeur, want dis soos poeding wat die Here jou gee, maar moenie baie maak van die poeding nie, want die vaste kos is die geloof waarin jy rus dat die Here by jou is en in jou aan die werk. Vra die Here dat hy jou geen verskynings sal gee wat jou nie gaan help nie en dat Hy jou moet voorberei om die volle seën te ontvang van wat Hy jou wel gee. As jy stemme sou hoor, sal die Here sorg. Moenie bang wees nie. As dit weer gebeur, ontvang wat die Here wil gee en keer dan net weer rustig terug na jou rus in jou geloof soos jy gewoond is om stil te word.

Hierna het ek as volg reageer: *Ek moet ongelukkig net weer terugkom na u laaste antwoord toe, want ek moet 'n paar dinge uitklaar om te probeer om sekerheid oor hierdie saak te kry.*

U noem dat dit wat ek sê ek ervaar het soos poeding van die Here af is, maar dat ek nie te veel van die poeding moet maak nie. Hoekom sal die Here vir mens poeding gee as dit nie belangrik is nie?

*Iemand het vir my 'n bandjie van Dr Susan Kriegler, sielkundige, gegee waarin sy juis ook stilword, meditasie en kontemplasie (sy gebruik nie dieselfde woord nie) maar daar is geen verskil nie, voorhou. Helen Shucman se kursus, **A Course in Miracles**, is haar bron, en op die bandjie beveel sy aan dat mens hierdie gids (spirit guide) moet volg en/of na dit moet luister. Indien ek nou die Here bid en vra om die verskyning weg te neem, as dit nie van Hom af is nie, en dit gebeur nie, kan ek aanvaar dat dit Sy wil is en dat ek maar hierdie "gids" moet volg of luister wat hy wil sê?*

Ek sal u antwoord/verduideliking waardeer.

(Nicol) Met my gedagte dat jy spesiale ervarings tydens meditasie nie as te belangrik moet beskou nie, bedoel ek dat as ek jou poeding gee om hierdie ete lekker af te sluit, moet jy nie volgende keer met poeding wil begin nie.

Die ou tradisie sou sê dat jy versigtig moet wees om verskynings as gidse te beskou. Dit kan so maklik gebeur dat bv jou eie begeertes 'n invloed het op wat jy beleef. Ons moenie verskynings oorskat nie, maar net dankbaar wees as hulle ons goed doen. As jy leiding soek, volg die weg van Rom 12:1-2 wat beteken dat jy al jou vermoëns, verstand ingesluit, inskakel om te onderskei wat die Here sou verkies.

Hiermee het ons korrespondensie geëndig.

Dit wat in die kommentaar weergee of in die artikel genoem word moet geensins gesien word as 'n refleksie op die persoon van Dr Nicol of dat daar aan sy Christenskap getwyfel word nie. Die Here ken die hart van elke mens. Die problem lê by dit wat hy leer in sy boeke en waarna in hierdie artikel verwys word.

U kan maar u eie gevolgtrekkings maak nadat u die artikel gelees het.

Die volgende boeke waarna in die artikel verwys word is verkrygbaar by:

Nicol s'n by Lux Verbi BM of CUM

Yungen en Flynn s'n by Chick Publications, (Sarel Roeloffze) 083-259-1561, E-pos: chick@absamail.co.za of The Berean Call (Helen Gevers) 011-425-2938, E-pos: hgevers@absamail.co.za

****

Die kolom wat normaalweg in hierdie spesifieke kolom verskyn en wat ons kontak gegewens en die van verskeie sleutelpersone bevat moes ongelukkig in hierdie spesiale uitgawe plek maak vir hierdie lang redaksionele kommentaar.

Die brieweblad (bls 3) het ongelukkig ook in die slag gebly.

Dit was nodig aangesien die inligting wat hier verskyn belangrik is en ons wou nie die spesiale uitgawe te lywig laat word nie.

****

(Mistieke praktyke: Van bls 1)

as, "…a truly dangerous idea that has had horrific consequences." (Brian Flynn, ***Running Against The Wind***, Lighthouse Trails Publishing, 2005:175, kursief in oorspronklike.)

Dave Hunt en Tim McMahon se kommentaar oor New Age praktyke is insiggewend: "The very term 'New Age,' however well-intentioned, is misleading. Its only claim to being *new* lies in the astonishing respectability, acceptability, and credibility now being granted in the space age to stone-age superstitious practices. Everything now known as 'New Age' (herbal. or traditional medicine, holistic health and vegetarian diets, self-hypnosis, reincarnation, spirit guides, pyramid power, color therapy, Yoga, and other forms of Eastern meditation) is simply a revival of ancient *religious* practices now being passed off as new advancements in *science*, *medicine*, and *psychology*." (Dave Hunt & TA McMahon, ***The New Spirituality***, Harvest House Publishers, 1988:45

Daar is 'n al groter belangstelling in en soeke na die mistieke. 'n Rooms Katolieke skrywer, William Johnston vat dit raak vas wanneer hy soos volg skryf: "[S]omething very powerful is emerging…we are witnessing a spiritual revolution of great magnitude in the whole world…the rise of a new school of mysticism within Christianity…It is growing year by year." (William Johnston, ***Letters to Contemplatives***, 1992:1, soos aangehaal in Ray Yungen, ***A Time of Departing***, Lighthouse Trails Publishing Company, 2001:33)

Hierdie versoening met die Ooste veroorsaak dat die Westerling en selfs die Christen se Godsbegrip aangetas word. Dit is reeds bykans 40 jaar gelede deur Francis Schaeffer soos volg gestel: "[I]n almost all forms of the new mysticism there is a growing acceptance of the ideas of pantheism [everything is God]. The West and the East are coming together, and these pantheistic concepts are one of the strongest elements in the semantic mysticism of which we are speaking." (Francis Schaeffer, ***The God Who Is There***, Intervarsity Press, 1968:66, soos aangehaal in Ray Yungen, ***A Time of Departing*** :15, [hakies] in oorspronklike.)

Die Oosterse konsep van God, universiële energie, is dat daar 'n ligte en donker of manlik en vroulik of skoon en vuil, positiewe en negatiewe kant is. Dit word deur die bekende Jin Jang-simbool geïllustreer.

Dr Willem Nicol het die volgende oor God te sê: "Die *donker* is ook 'n gewilde metafoor... [en wanneer] 'n mens besonder oop vir sy teenwoordigheid is wanneer jy in blote geloof verkeer met niks voor jou oë nie, dit wil sê in donker. Jy ervaar Hom dan in dit wat jy *nie ervaar nie*, jy ervaar 'n 'straal duister lig'. ... Ons praat in metafore, sodat die moontlikhede wat oënskynlik bots, nie werklik in stryd is nie. As die een sê hy of sy ervaar die lig van God se teenwoordigheid, terwyl die ander die donker ervaar, is dit twee kante van dieselfde werklikheid. Want al die tekens van God se teenwoordigheid is nog nie God self nie; daarom bly die *heilige donkerte* van die Allerhoogste binnevertrek in die tempel nog altyd by die diepkant van ons ervaring." (***Gebed van die Hart***, Lux Verbi BM, 2002:140, kursief in oorspronklike.) Hierdie begrip van die heilige donkerte in die tempel skryf Nicol oor op bls 24: "Daar is 'n tempel, maar in die allerheiligste waar God se teenwoordigheid gekonsentreer is, is daar net simbole donkerte" Skrifgedeeltes uit Jes 45:15; 1 Kon 8:12; 2 Kron 6:1 en 1 Tim 6:16 word dan aangehaal.

"Dít is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: **God is lig**, en **daar is geen duisternis in Hom nie**." (1 Joh 1:5) "Hy alleen besit onsterflikheid; **Hy woon in ontoeganklike lig**. Geen mens het Hom gesien of kan Hom sien nie." (1 Tim 6:16) "Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want **die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp**." (Op 21:23) As die Bybel van God verklaar dat Hy lig is, in ontoeganklike lig woon en self die lig in die toekomende stad sal wees dan verwys die donker waarna Nicol verwys na iets anders. Kan dit dalk dui op die feit dat ons as mense God nooit ten volle sal kan verstaan en verduidelik nie, dat iets van Hom altyd vir die mens verborge sal bly, veral in die Ou Testamentiese tyd—daarom die uitspraak van Salomo wat in 1 Kon 8:12 en 2 Kron 6:1 opgeteken is. Nicol se verwysing na Jes 45:15 lig hierdie punt uit. Dit was juis die koms van God die Seun wat Mens geword het wat dit vir die mens moontlik gemaak het om God beter te kan verstaan

Dan het hy ook die volgende te sê oor God: "Die geloof in sy *transendensie* — dat Hy meer is as die heelal — stry nie vir ons teen ons geloof in sy *immanensie* nie — dat Hy in alles, en alles in Hom is...Hy is in alle dinge teenwoordig (dat dit nie (*panteïsme* is nie — God wat in alles geabsorbeer word...) Nogtans is sy teenwoordigheid in sy kind meer as in byvoorbeeld 'n boom. Dis meer persoonlik en dinamies...Daarom moet mens jou daarvoor oopstel om Hom *in alles* te beleef, as die lig wat deur alle dinge skyn, die skoonheid in alles, die sin in alles, die essensie van alles." (***Gebed van die Hart*** :52, 170, 175, kursief in oorspronklike.) Probeer verduidelik so al wat hy kan maar dit is vir my duidelik dat God vir hom in alles is, en dit is panteïsme of meer nog, panenteïsme.[1.]

Is die dinge werklik in die Kerk?

Meer nog is dit in die NGK? Gedurende September 2004 het die NG Gemeente Eldoraigne in Pretoria 'n konferensie aangebied, getiteld: **Mistieke Spiritualiteit/Mystic Spirituality**. Die volgende onderwerpe was bespreek, *Orthodox spirituality, Icons in prayer, Mistieke spiritualiteit, Egypt, home of orthodox spirituality, Mistiek en die Bybel.* Sprekers was: Biskoppe Antonius Markos en George Fekiry van die Koptiese Ortodokse Kerk, Egipte, Vr, Johan Strydom van die Rooms Katolieke Kerk en natuurlik Dr Willem Nicol van die NGK.

In 1987 stig die Anglikaanse kerk die **Sentrum vir Christelike Spiritualiteit** in Kaapstad met die doel om God op 'n nuwe wyse te ontdek en ook die verhouding met Hom deur meditasie en kontemplasie te verdiep. Vroeg in 2005 word Dr Carel Anthonissen, leraar van die NG Studentekerk, Stellenbosch as eerste direkteur aangestel. Aldus *Die Burger* van 12 Maart 2005 sê die Moderator van die Weskaapse Sinode die volgende oor Dr Anthonius se aanstelling of sekondering: "Dié sekondering is in ooreenstemming met 'n ontwikkeling in die NG Kerk die laaste jare om weer ál meer deel te raak van die ekumeniese kerk en die breër Christelike tradisie, en om baie meer moeite te doen om lidmate en predikante te begelei in **spiritualiteitsgroei** en die beoefening van die geestelike dissiplines." Prof Malan skryf die volgende: "In die sentrum se nuusbrief word 'n kursus geadverteer waarin 'n mens onder meer 'Benediktynse **meditasie**' kan leer, wat 'n Katolieke gebruik is. Die aktiwiteite vir die komende jaar is, onder meer, **oggende van nadenke**, **stil** dae, **inwaartse reise** en **meditatiewe staptogte**.[2.] Een van dr. Anthonissen se take is om die sentrum se werksaamhede aan Afrikaanse gemeentes bekend te stel. Sy eerste kursus was by die NG-gemeente Sonstraal in Durbanville.

Die Kerk moet transformeer en 'n nuwe soort Christen is in wording. Al hierdie populêre hedendaagse terme suggereer dat die Christendom aan die verander is. Gevolglik vind ons dat in plaas daarvan dat die Christendom geopponeer word dit eintlik deur die okkultisme gekaap en as voertuig gebruik word om 'n New Age bewustheid te kweek. Kerke sal uiterlik die beeld van Christelikheid vertoon en selfs voortgaan om dieselfde bekende termes te gebruik. Antwoorde op vrae sal nog steeds op die oppervlak tradisioneel Christelik klink, maar onder die oppervlak sal kontemplatiewe spiritualiteit diegene intrek wat ontvanklik is daarvoor. Die pogings om meer soos Christus te word moet verwelkom word, en alhoewel goed bedoel, is dit werklik so dat gelowiges hierdeur meer soos die beeld van Christus lyk? Is die teendeel nie eerder waar nie? Veral wanneer in gedagte gehou word dat daar allerhande pogings aan die gang is om die sogenaamde aanstootlikheid van die Evangelie te verwyder deur die boodskap van die kruis, die enigste weg na saligheid, af te water en selfs totaal te verwyder, sodat die nie-kerklikes bereik kan word. En die gemeenskaplike faktor van hierdie verskeie bewegings — kontemplatiewe gebed!

Wanneer hierdie idee om aan Christus gelykvormig te raak nie in die Bybelse konteks gesien en geleer word nie dan loop die Kerk die gevaar om in die New Age siening te verval: "Jesus was one soul who reached the state of Christ Consciousness; there have been many others. He symbolized the blueprint we must follow...The way is open to everyone to become a Christ by achieving Christ Consciousness through walking the same path He walked. He simply and beautifully demonstrated the pattern.

"The significance of the incarnation and resurrection is not that Jesus was human like us but rather that *we are all gods like him*—or at least have the potential to be. The significance of Jesus is not as a vehicle of salvation but as model of perfection.

"In the Aquarian Age,[3.] you will not need the outer saviours, for you will be able to learn how to reach Christ Consciousness.

"The Christ is You. You are the one who is to come—each of you...Christhood is not something to come at a point in the future when you are more evolved. Christhood is—right now!...*You are the Christ of God*." (Soos aangehaal in ***A Time of Departing*** :114,115)

Al hierdie tegnieke is pogings om die mens te gee wat hy wil hê, om die kerke vol te maak, want getalle het so belangrik geword. En dit is nog meer belangrik om die jongmens—die onder 30–35 groep terug te kry in die Kerk. So word daar van die *"emerging church"*, opkomende kerk, gepraat. Daar is eintlik so 'n beweging aan die gang — alles deel van die ekumeniese beweging wat daarna poog om alle kerke te verenig. Die uiteinde is een wêreldgodsdiens!

So kry ons uit die **Willow Creek**-stal (Bill Hybels) 'n aantal outeurs oor hierdie onderwerp. Ruth Haley Barton het die kurrikulum saamgestel om kontemplatiewe aanbidding in die kerk aan te bied. Saam met John Ortberg, nog 'n Willow Creek-lidmaat, sien 'n boek oor dié onderwerp die lig. Willow Creek se webwerf spog met 'n "self geleide" kontemplatiewe aanbiddingsdiens.

Dan is daar natuurlik **Saddle Back** met Rick Warren aan die stuur. In sy *The Purpose Driven Life*, reeds oorbekend, onderskryf hy asemhalingsgebed. "The Bible tells us to '*pray all the time.*' How is it possible to do this? One way is to use 'breath prayers' throughout the day..." (***The Purpose Driven Life*** :89) Vele kerke, ook NG kerke het reeds *Purpose-Driven* kursusse aangebied of is besig daarmee. Indien kontemplatiewe aanbidding dus wel deur Rick Warren onderskryf en geleer word, is dit tog logies dat dit in die kerke en gemeentes waar dit aangebied was en gaan word, geleer word.

Rick Warren

Hierdie twee kerke is die tipiese voorbeeld van die *Ontluikende of Ontwakende Kerk.* Leiers van hierdie beweging hou voor dat die huidige formaat van kerk doen nie meer vir die post-moderne jongmens aanvaarbaar is nie. "*Mense is op soek na wat hulle verloor het ... God draai ons harte al meer na Hom* .... bestempel kenners hierdie "skuif". Eintlik word dit wat die meeste van ons nog altyd "ongemaklik" laat voel het, al meer en meer die manier waarop Christene ervaar dat hulle vir God ontmoet." (Marius Greef, ***Lig*** Februarie 2004 p 36,37, kursief in oorspronklike.) Prof Janse van Rensburg van Bloemfontein stel dit so: "Die hedendaagse mens het 'n behoefte aan 'n plek waar hy nie meer 'oortuig' wil word nie, of met argumente en dogmatiek oordonder wil word nie, maar waar hy doodgewoon God se teenwoordigheid kan beleef en ervaar. Mense het tot die besef gekom dat daar soveel meer aan die lewe is, ook misterie." (***Lig***)

Die styl van hierdie *Ontluikende Kerk-dienste* kan ten beste beskryf word as *kerse, gemakstoele en koffie* met ontspanne atmosfeer en dowwe beligting. Die musiek is sag en somber en bywoning kom hoofsaaklik vanuit die onder 35-groep. Is daar dan nou iets fout hiermee? Sekerlik nie op sigself nie. Dit is nie atmosfeer wat van belang is nie, maar wat geleer word. Dit is seker aanbevelingswaardig wanneer pogings aangewend word om mense sover te kry om dienste by te woon, maar die leiers van hierdie beweging glo dat as 'n persoon nie 'n *ervaring* in die kerk het nie, dit onwaarskynlik is dat so 'n persoon 'n keuse vir Christus sal maak. Dit is dus geen verrassing dat die ervaring wat hulle voorhou die stilte is wat deur kontemplatiewe aanbidding verkry word.

Musiek is een van die terreine waardeur die mens allerhande ervarings kan hê. Dus is die kerkmusiek ook aan die verander. Baie van die hedendaagse Godsdienstige liedere is 'n ydele herhaling van dieselfde woorde wat baie keer oor en oor gesing word. Die belangrike is solank dit lekker sing. Die "gospel" invloed speel in baie gevalle op die oerinstinkte van die mens met die oorverdowende ritme van tromme en ander instrumentale begeleiding.

Gevoel, ervaring en belewenis het vir die hedendaagse mens meer belangrik geword as leerstelling. John MacArthur stel dit so duidelik in sy boek *Reckless Faith*: "The evangelical concensus has shifted decidedly in the past two decades. Our collective message is now short on doctrine and long on experierence. *Thinking* is deemed less important than feeling…The love of sound doctrine that has always been a distinguishing characteristic of evangelicalism has all but disappeared. Add a dose of mysticism to this mix and you have the recipe for unmitigated spiritual dis-aster." (John MacArthur, ***Reckless Faith***, Crossway Books, 1994:154-155, soos aangehaal in ***A Time of Departing*** :53.)

Brian Flynn skryf soos volg oor 'n gesprek met 'n pastoor wat aangevoer het waarom leraars weier om hulle teen kontemplatiewe spiritualiteit uit te spreek. Hy was vasberade met sy verskoning: "Our congregation likes it, and they feel a closer connection with God. When we offer the classes, the rooms are packed out. Contemplative prayer has brought in many people that normally wouldn't come to our church." (***Running Against The Wind*** :182)

Selfs nie-Christene en mense wat negatiewe ervarings gehad het, kan deur stil te word by God uitkom, aldus Nicol: "Negatiewe ervarings met die kerk staan tussen party mense en die lewende God. Dan is hier dalk toegang. Nie-Christene word ook genooi, veral ook dié wat in meditasie belangstel.[4.] In baie godsdienste word die waarde van stilte op verskeie maniere ondervind, en in soverre dit goed is, kom dit tog van God af, sodat ons ervarings die paaie na mekaar en na Hom vir ons oop behoort te maak." (***Gebed van die Hart*** :13,14) Stilte kan enige iemand se geloof net baat, "Wat ookal jou geloof is, stilte help jou om jou meer daarvoor oop te stel en meer daardeur gevorm word. Stilte is 'n gewillige dienskneg wat diens lewer aan die geloof waarin dit gebruik word." (:12) Dalk is dit goed om op hierdie punt na Yungen te luister: "...silence is not the final objective; its attainment is only a means to an end. What that end entails was aptly described by English artist Vanora Goodhart after she embarked on the practice of zen meditation: '[A] light began seeping through my closed eyelids, bright and gentle at first, but growing more and more intense...there was great power and strength in this Light...I felt I was being drawn upwards and in a great and wonderful rush of power that rose eventually to a crescendo and bathed me through and through with glorious burning, embracing Light." (Louann Stahl, ***A Most Surprising Song***, Unity Books, 1992:147–148, soos aangehaal in ***A Time of Departing*** :22–23) Nicol gaan voort, "Ek sluit my aan by die aanpak van **Contemplative Outreach**[5.] om ons die manier te leer, en stem met hulle saam dat daar oor die integriteit daarvan gewaak moet word. Die organisasie het hierdie boek beoordeel en besluit om dit te ondersteun." (:13) Wat anders? As hulle metodes onderskryf word, waarom sal hulle dit nie ondersteun nie?

Waar in die Bybel lees mens dat negatiewe ervarings die rede is vir die skeiding tussen God en die mens? Is dit dan nou nie meer SONDE wat die skeiding gebring het en nog steeds die rede is vir die mens se verlore toestand nie? Lyk vir my asof die mens die verhouding tussen hom en God kan regmaak deur doodeenvoudig negatiewe ervarings met positiewe ervarings te vervang.[6.] So neem die mens beheer oor en is hy dus op hom self aangewese en ingestel. Daarom dat godsdiens met spiritualiteit vervang moet word. Want deur die regte metodes (as daar so-iets is) kan hy

baie spiritueel wees.

Die Christelike boodskap was van die begin af duidelik. God het dié Verlosser gestuur. Indien dit vir die mens nodig was en is om een of ander vorm van mistiek te beoefen om toegang tot God te verkry, dan was die lewe, bediening, sterwe en opstanding van Jesus Christus totaal sinneloos. Betroubare Christelike leerstelling kom deur die besef dat die mens verlore en sondig is, ewig van God geskei, nie in staat om homself te red nie en dat hy God se genade en verlossingsplan nodig het.

Miskien vat Berit Kjös dit mooi vas in die volgende woorde: "...some churches no longer talk about the love relationship God offers us. They don't talk about God's solution to sin or the comfort of knowing His will. These essential truths have been squeezed out by popular demand and feel-good activities." (Berit Kjös, ***A Twist of Faith***, New Leaf Press, Aug., 1997:84)

Gee God werklik om of ons post-modern is of wat? Het Sy Woord nie die toets van alle eeue deurstaan nie? Is God nie die onveranderlike, en is Jesus Christus nie "gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid, nie."? (Heb 13:8)

Is daar dan 'n probleem met spiritualiteit?

Marius Greef skryf in ***Lig*** Februarie 2004:36-37, "SPIRITUALITEIT gaan in kort oor 'n lewe — in die volste betekenis van die woord — voor die aangesig van God. Maar in hulle aanbidding of spiritualiteit het gelowiges nog altyd onderling van mekaar verskil. So is daar oor die jare min of meer vier 'spiritualiteitsoorte' geïdentifiseer. En hoewel almal in mindere of meerdere mate by alle gelowiges voorkom, plaas ons tog op party meer klem as ander. Dit kan byvoorbeeld op 'n *Skrifkennis* (kop-spiritualiteit) gegrond wees, of meer op die *belewenis van God* (hart-spiritualiteit), terwyl 'n ander hom meer besig hou met die *misterie van God* (mistieke spiritualiteit) of om God se Woord *te sif in dade* (hand-spiritualiteit). Die interessante is dat die mistieke — nog altyd die stiefkind van hierdie vier — nou besig is om meer as ooit tevore op die voorgrond te tree. Dit word veral gesien in 'n groter behoefte by mense vir dinge soos stilte, afsondering en **meditasie** in hulle aanbidding."

Spiritualiteit sluit al die dinge wat hierbo onder **Is die dinge werklik in die Kerk?** genoem is in — begrippe wat vreemd is aan die Bybel.

Kom ons luister na Dr Willem Nicol: "Ons gaan reis deur tot anderkant Christelike meditasie. Ons wil uitkom by *Christelike kontemplasie* (die gebed van die hart). Vir hierdie reis is die goeie verstaan van meditasie oor Skrifinhoude die basis en daarom sal ek jou as leser wil help om dit effektief te doen. Daarin gaan dit oor stilword met bepaalde gedagte-inhoude." (***Gebed van die Hart*** :10, kursief in oorspronklike.)

Om sogenaamde *"Christelike kontemplasie"* te beoefen is in stryd met wat Nicol voorhou en wat vir die persoon voorlê en wat dit gaan probeer, aldus William Johnston: "When one enters the deeper layers of contemplative prayer one sooner or later experiences the void, the emptiness, the nothingness...the profound mystical silence...an absence of thought." (William Johnston, ***Letters to Contemplatives*** :13, soos aangehaal in ***A Time of Departing*** :38)

Volgens Flynn is daar drie punte van belang tot kontemplatiewe gebed: 1.) "Silence the mind by focusing on the breath, 2.) Silence the mind by repetition of a word or phrase, 3.) Silence the mind by focusing on an object. (***Running Against The Wind*** :144) Sou Nicol hierby aansluit wanneer hy soos volg skryf: "Jy het 'n plek nodig waar jy veilig voel...indien nodig, maak die gordyne toe. Dalk kan jy iets van 'n heiligdom skep met die regte simbole en versierings. Steek dalk 'n kers aan voordat jy gaan sit...Die kuns waaroor dit ...gaan, is om as't ware jou duikapparaat aan te sit, sodat jy kan *afdaal in die rivier* tot daar waar dit stil is...Ons gaan begin om as't ware 'n kol oop ruimte in ons kop te skep, 'n stil plek...jy [moet] iets kry waarop jou aandag kan rus. Party mense hou 'n kers dop...Ek verwys na 'n baie maklike saak wat later ook vir jou ekstra waarde gaan hê: *asem*...aandag daarop het die voordeel dat dit jou na binne toe keer—sodat jy kan stilword in God...Ons kies nie soos in ander meditasiemetodes 'n onbekende woord nie...Dis belangrik dat jy self kies, want jy het 'n gebedswoord nodig wat naby aan jou hart lê...nadat jy rustig geword het, [bring] jou gebedswoord sag in om jou bedoeling uit te druk...Jou gebedswoord is dus nie 'n tegniek of mantra nie maar net 'n hulp om te bly waar jy deur jou geloof in God kan rus...Die beweging van jou asem kan ook vir jou 'n simbool word van *ja* sê vir God. Jou aandag is nie op jou asem gekonsentreer nie, maar jou asem help jou om terug te keer na God toe. 1.) Uitaseming kan byvoorbeeld 'n simbool en gevoel wees van rus in God of oorgee aan Hom. 2.) Inaseming kan simbool wees van ja sê dat Hy jou vul." (***Gebed van die Hart*** :88, 89, 90, 120, 126, 127, 129, 130, kursief in oorspronklike.) Is die drie stappe waarna Flynn verwys nie vervat in Nicol se resep nie?

Madam Guyon

Nicol haal Madam Guyon aan: "Wanneer die Christen kalm en vreedsaam geword het in gebed, sink hy dikwels in 'n soort mistieke slaap...die krag van die siel kom heeltemal tot rus...die hele wese kom tot 'n sagte, stil en vreedsame kalmte voor die Here...Jou siel sal in hierdie ervaring ingelei word sonder inspan-ning, sonder moeite en sonder vaardigheid." (***Gebed van die Hart*** :128) Nou is die vraag—wie is Madam Guyon? Opsomming oor haar en andere waarna Nicol verwys verskyn in 'n aparte artikel.

Nicol haal ook Evelyn Underhill aan en probeer so 'n rede te gee waarom Christene by die mistiek betrokke behoort te raak: "'The mystics have exhausted all the resources of all tongues in their efforts to tell us of the rewards which await those who will undertake this most sublime and difficult of arts.'" (Evelyn Underhill, ***Mysticism***, Methuen, 1911:366, soos aangehaal in ***Gebed van die Hart*** :44)

Laat ons met erns kennis neem van Yungen: "In the spiritual climate of today a unifying mystical prayer practice fits the paradigm necessary to unite the world faiths. In Western civilization, this model is the contemplative prayer movement. I believe this movement is on the slippery slope that will lead to great apostasy. For this to happen, as the Bible says, there will be 'seducing spirits' who design a spirituality very closely related to truth. Every Christian must therefore discern whether or not the comtemplative prayer movement is a deeper way of walking with God or deception that is attempting to undermine the very gospel itself." (***A Time of Departing*** :136)

Dit kan ook net goed wees om kennis te neem van dit wat ***Baker's Dictionary of Theology*** oor die mistiek sê: "It may be doubted whether there is any direct biblical support for mysticism as distinct from the mystical interpretation of biblical data. ... apart from its obvious extravagances it may be doubted whether it is a genuine form of biblical and evangelical Christianity."

Daar is meditasie en *meditasie!*

"Wat ookal jou geloof, stilte help jou om jou meer daarvoor [ervarings] oop te stel en meer daardeur gevorm te word. Stilte is 'n gewillige dienskneg wat diens lewer aan die geloof waarin dit gebruik word...dit sal heeltemal duidelik word dat die stilword waaroor hier gepraat word, nie meditasie-met-Oosterse-wortels is nie. Die woord 'meditasie' het tans onder ons mense Oosterse konnotasies...ons [praat] egter van die maniere waarop Christene deur die eeue stil geword het. Net soos sang in byna alle godsdienste voorkom, kom sommige maniere van stilword ook in baie godsdienste voor, byvoorbeeld ontspan met asemhaling. Dit is omdat daar sekere ooreenkomste tussen alle mense in die wêreld bestaan." (***Gebed van die Hart*** :12)

Strong se konkordansie gee die vertaling van die Hebreeus wat as "meditate" in die Engels vertaal word so: Authorised Version: - meditate 6, mourn 4, speak 4, imagine 2, study 2, mutter 2, utter 2, roaring 1, sore 1, talk 1; State Vertaling: - overdenken 3, uitspreken 3, overleggen 2, bedenken 2, vermelden 2, zuchten 2, dichten 2, doorgaans kirren 2, peinzen 1, betrachten 1, geluid geven 1, zich bedenken 1, binnensmonds mompelen 1, brullen 1,

kirren 1; Nederlandse Bijbel Genootschap: - overpeinzen 4, gewagen 4, zinnen 2, zuchten 2, droevig kirren 2, uiten 1, peinzen 1, geluid geven 1, spreken 1, overwegen 1, beden- ken 1, mompelen 1, grommen 1, kirren 1, prevelen 1, voortbrengen 1; 25 1) kreunen, grommen, uiten, overleggen, mompelen, overpeinzen, plannen ma- ken, smeden (plannen), spreken 1a) (Qal) 1a1) brullen, grommen, kreunen 1a2) uiten, spreken 1a3) overpeinzen, plannen maken, overwegen, zich voorstellen 1b) (Poal) uiten 1c) (Hiphil) mompelen

Dit is duidelik dat van al die moontlikhede daar nêrens sprake is van die uitskakeling van die rasionele denke nie.

Oosterse meditasie wat as "Christelike meditasie" voorgehou word is 'n inwaarste reis wanneer mense hulle gedagtes leeg maak van alle gedagtes in hulle soeke na God sonder die gebruik van woorde, sodoende word God se Woord nietig gemaak. Deur op hierdie manier te mediteer beweeg die persoon na 'n alternatiewe bewussynsvlak waarin hy ontneem is van sy onderskeidingsvermoë. Sy rasionele denke is afgeskakel, dus kan hy nie analities dink nie en sodoende is hy onmagtig om sy gedagtes in die lig van sy kennis van die Skrif onder leiding van die Heilige Gees te toets. Dit is 'n heidense praktyk wat in totaliteit verwerp behoort te word.

Die mens se denke en gedagte is aktief betrokke by die bestudering en oordenking van die Woord. Die Here Jesus stel geloof bo die onsienlike en ondervinding, en die Skrif waarsku teen misleiding en stel dat alles aan die Skrif as maatstaf getoets moet word: (Joh 20:29; 2 Kor 5:7; Rom 10:17; Jes 8:20; Hand 17:21; 1 Tess 5:21; 1 Joh 4:1; 2 Kor 12:1-4; Matt 24:4)

"The meditation most of us are familiar with involves a deep, continuous thinking about something. But New Age meditation does just the opposite. It involves ridding oneself of all thoughts in order to *still* the mind by putting it in the equivalent of pause or neutral...The two most common methods used to induce this thoughtless state are *breathing* exercises, where the attention is focused on the breath, and a *mantra*, which is a repeated word or phrase. The basic process is to focus and maintain concentration without thinking about what you are focusing on. Repetition on the focused object is what triggers the blank mind." (***A Time of Departing*** :22, kursief myne.)


Thomas Merton

Nou is enigiets moontlik, ook Nicol bevestig dit: "Daar kan allerhande fisiese ervarings wees, byvoorbeeld 'n gejeuk of tinteling, 'n kriewel in die keel, hoofpyn of 'n vreemde gevoel in die kop, 'n swaar gevoel of selfs 'n gevoel van gewigloosheid. Ander begin sug, lag of huil. Alles is tekens dat daar *iets aan die gang* is." (***Gebed van die Hart*** :135-136, kursief in oorspronklike.) Luister hoe beskryf Brian Flynn sy ervaring: "I feel more alive than ever before—like tapping into the very source of all power and knowledge. Nothing scary or uncomfortable about this. I feel like I've just been showered by a loving energy." (***Running Against the Wind*** :58) Wil jy iets beoefen waar "enigiets moontlik is"? Die ervarings wat Nicol hier beskryf herinner sterk aan die Toronto Blessing se harwar van ervarings waartydens mense soos donkaards rondsteier, op die vloer rondkrul en allerhande onaardse geluide uitbrul of -skree. Watter mens het die vermoë om onder sulke omstandighede, wanneer die rasionele denke uitgeskakel is, te kan onderskei tussen God of Satan? Mens is verseker baie veiliger om ag te slaan op die Bybel. Per slot van sake hier is God rasioneel (as mens die woord in die sin mag gebruik) en herkenbaar in en aan die Woord, en hierdie Woord waarsku ons oor en oor dat Satan en sy demone uitgeslape derduiwels is want, "Satan self doen hom voor as 'n engel van die lig." (2 Kor 11:14) Dit word só beklemtoon deur Berit Kjös: "...the enemy's strategy hasn't changed since the Old Testament days when God warned, 'Ellende wag vir dié wat sleg goed noem en goed sleg, wat van duisternis lig maak en van lig duisternis, wat bitter soet noem en soet bitter.'" (Jes 5:20) (Berit Kjös, ***A Twist of Faith***, New Leaf Press, 1997:155, Afrikaanse vertaling aangehaal i.p.v., die Engels soos in die boek.)

Die idee dat daar sogenaamd "Christelike meditasie" is, is misleiding want eintlik is dit tog net Oosterse meditasie. Prof Johan Malan stel dit so: "Die toepassing van meditasietegnieke het nie slegs die Roomse Kerk binnegedring nie, maar ook verskeie Protestantse kerke. Dr. Willem Nicol is die groot eksponent hiervan in die NG Kerk, en hy het al verskeie boeke hieroor geskryf. Dr. Nicol (***Stem in die stilte***, bl. 8) erken die Oosterse oor-sprong van hierdie gebruik: 'In die Weste het die Boeddhistiese meditasie veral deur middel van die Zen-Boeddhisme heelwat navolging gevind. Sekere Christelike leermeesters van meditasie, soos Thomas Merton, staan 'n meditasie-styl voor wat aan die Zen verwant is in soverre daar bv. baie intens na innerlike leegheid gestreef word. In Indië het die Joga ontwikkel, 'n streng metode van inkering en konsentrasie. Die doel is die bevryding van die gees deur die beheersing van die liggaam. In Europa word Joga en Zen selfs by Protestantse byeenkomste ter wille van ontspanning gebruik. In Suid-Afrika is die bekendste meditasievorm met Oosterse wortels seker die Transendentale Meditasie (TM). Dit is 'n ontwikkeling van Joga wat in die sestigerjare deur Maharishi in die Weste bekend gestel is. Die volgelinge hoef geen geloof te hê nie. Dit is hoofsaaklik 'n natuurlike tegniek wat aangeleer kan word.' Interessant om kennis te neem dat toe Maharishi Mahesh Yogi TM oorspronklik in die Weste bekend kom stel het, hy openlik geleer het dat dit 'n Hindoe godsdienstige praktyk is, waardeur die panteon (magdom) van Hindoe-gode gevoed en wakker gemaak kan word. (Hunt, McMahon :47)

"'Christelike' meditasie volg presies dieselfde pad as alle ander vorms van meditasie, naamlik die oorskakeling van die linker- na die regterbrein. Dr. Nicol (***Stem in die stilte***, bl. 73) sê: 'As jy 'n beginner is, moet jy drastiese stappe neem om jou intellek te bedwing.' Die hele doel hiermee is om die sogenaamde rasionele linkerbrein tot stilswye te bring sodat gewaarwordings na die vlak van die intuïtiewe regterbrein kan verskuif. Dit open die weg na die ontsluiting van 'n diep bewussynsvlak waar psigiese, of buitesintuiglike, waarnemings gedoen kan word. Die Oosterlinge is vir eeue reeds op mistiese regterbreinervarings ingestel, terwyl die Westerlinge hulleself hoofsaaklik tot rasionele denke beperk."

Dat daar gevaar in lê word deur meditasieskole erken en deur Dr Nicol onderskryf: "As mens op ingewings wag, kan jou eie innerlike of selfs bose magte ook met jou praat." (***Stem in die Stilte*** :97) Hierdeur word erkenning gegee dat meditasie 'n potensiële kanaal na Satan is. 'n Ander ex-New Ager, Richard Baer, onderstreep hierdie erkenning in sy beskrywing van sy vreesaanjaende ervaring, wat ook die ommekeer in sy lewe gebring het, tydens 'n meditasiesessie so: "...my spirit was roaming some of the farthest reaches of 'heavenly light' that I had ever perceived...I was surrounded by a virtually overwhelming luminosity—it was as if I was looking straight into the sun. Waves of bliss radiated through my spirit. I was totally captivated by the power. Suddenly another force stepped in. It took me by complete surprise. In the twinkling of an eye, it was like a supernatural hand had taken me behind the scene of the experience that I was having. I was taken behind the outer covering of dazzling luminosity and there saw something that left me literally shaking for a full week. What I saw was the face of devouring darkness! Behind the glittering outer facade of beauty lay a massively powerful, wildly churning face of absolute hatred and unspeakable abominations—the face of demons filled with the power of Satan." (Richard Baer, ***Inside the New Age Nightmare***, Huntington House, Inc., 1989:55)

Philip St Romain het 'n boek oor kontemplatiewe gebedservarings geskryf. Die titel, ***Kundalini Energy and Christian Spirituality***, is betekenisvol want *kundalini* (krag van die slang) is die Hindoe term vir die mistieke krag onderliggend aan Hindoe spiritualiteit. Hierdie Katolieke leke-prediker het sy spiritualiteitsreis of rus in die stilte, soos hy dit noem, met kontemplatiewe gebed begin. Hy het aktiewe gebed verwerp as onproduktief en vervang met 'n

gebedsvorm waarin die denke afgeskakel word wat hy as ’n passiewe gedagtevorm beskryf. Sy beskrywing van so ’n sessie stem mens tot ernstige kommer: “Then came the lights! The gold swirls that I had noted on occasion began to intensify, forming themselves into patterns that both intrigued and captivated me...There were always four or five of these, as soon as one would fade, another would appear, even brighter and more intense...They came through complete passivity and only after I had been *in the silence* for a while.” (Soos aangehaal in ***A Time of Departing*** :50)

Yungen wy soos volg uit: “In the West, mysticism has always been restricted to a tiny fraction of the population (ie., shamans [witchdoctors], esoteric brotherhoods, etc.). Never before has there been such a widespread teaching of these methods to everyone...mysticism pervades the Western world...Shakti Gawain spelled out very clearly what that practice entailed: ‘Almost any form of meditation will eventually take you to an experience of yourself as source, or your higher self...Eventually you will start experiencing certain moments during your meditation when there is a sort of ‘click’ in your consciousness and you feel like things are really working; you may experience a lot of energy flowing through you or a warm radiant glow in your body. These are signs that you are beginning to channel the energy of your higher self.’” (Shakti Gawain, ***Creative Visualization***, Nataraij Publishing, 1983:57, aangehaal in ***A Time of Departing*** :25,26)

Richard Foster

Die Bybel ken nie so ’n manier van mediteer nie. Inteendeel dié woord kom nie in die Afrikaanse vertalings voor nie. Die woord “meditate” kom wel in verskeie Engelse vertalings voor. Wanneer daar egter na die konteks gekyk word dan sien mens dat dit niks te make het met die afskakeling van die rassionele denke nie, die leegmaak van jou gedagtes nie, die stil wag dat God moet praat nie, maar dat dit gaan oor die *oordink* van die Woord van God. As God vandag deur meditasie en kontemplasie met die mens moet praat, waarvoor het ons dan Sy Woord nog nodig? Dalk sal dit ons loon om opnuut erns te maak met Paulus se woorde aan die jonge Timoteüs: “…jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.” (2 Tim 3:15–17)

Nicol skryf so: “Daar is van hierdie metodes met wortels in ander godsdienste wat ’n Christen kan weglei van sy eie geloof af. Daar is ook van hierdie metodes wat neutraal is en wat mens nie nader aan of verder van enige geloof sal lei nie. Daar is basiese ooreenkomste tussen baie metodes, omdat daar basiese ooreenkomste tussen alle mense is.” (***Gebed van die Hart*** :34) Mens kan net met ernstige kommer hiervan kennis neem. Nicol sê “Daar is van hierdie metodes met wortels in ander godsdienste wat ’n Christen kan weglei van sy eie geloof af. Nou is die vraag: Wie het die vermoë om te kan onderskei tussen onskadelik en skadelike metodes wanneer hy/sy in ’n alternatiewe bewussynstoestand verkeer?

Aangesien Nicol op verskeie geleenthede na Richard Foster verwys sal dit dalk waardevol wees om daarop te let dat hy as volg waarsku: “I also want to give a word of precaution. In the silent contemplation of God we are entering deeply into the spiritual realm, and there is such a thing as supernatural guidance that is not divine guidance. While the Bible does not give us a lot of information on the nature of the spiritual world, we do know…there are various orders of spiritual beings, and some of them are definitely not in cooperation with God and his way!...But for now I want to encourage you to learn and practice prayers of protection… ‘All dark and evil spirits must now leave.’” (Richard Foster, ***Finding the Heart’s True Home***, Harper, 1992:157 soos aangehaal in ***Running Against The Wind*** :144,145) Die vraag is nou, waarom, as kontemplatiewe gebed DIE DING is, is dit nodig om eers ’n gebed ter beskerming te bid en te vra dat bose geeste eers moet wyk?

Mens kan verstaan waarom Foster hierdie gebed aanbeveel want wat mense nie weet nie is dat tydens so ’n meditasiesessie wanneer die denke afgeskakel word dit die deur oopmaak tot die geesteswêreld en kontak met ’n geesbegeleier of geesgids (*spirit guide*).

Dit is dalk veiliger om Pastoor Bob DeWaay van Twin City Fellowship Church in Minneapolis ernstig op te neem: “Methods are not neutral: either humans can come to the true God by any means that they see fit or God restricts the means by which we can come to Him. This was proven by the fact that various forms of divination are forbidden where divination is defined as any technique used to gain secret information that God has not chosen to reveal. If we could come by any means, then Tarrot cards, Ouija boards, crystal balls, psychic powers, etc. could legitimately be used to contact God. Since certain techniques are forbidden, then the claim that humans can come to God by any means whatsoever is unbiblical. Therefore, we conclude that God has restricted the means of coming to Him and worshipping Him.” (***Running Against The Wind*** :186,187) “Hy [Jesus] bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.” (Hand 4:12) “Jesus het vir hom gesê: ‘Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.’” (Joh 14:6)

Maar nee—daar is ’n ander manier: “Meditasie kan op gedagte-inhoud fokus soos met die tradisionele Christelike Skrifmeditasie en baie ander meditasievorme, of dit kan by gedagtes verbybeweeg. Die styl van stilword wat [in ***Gebed van die Hart***] verduidelik word, bevat albei.

“Die groot gedagtes van ons geloof verskaf die stewige fondament en raamwerk en dit is belangrik dat hulle insink — *meditasie*. Daarna beweeg ons verby na groter stilte wat anderkant lê, na die rus in God se teenwoordigheid — *kontemplasie*.

“In die Christelike mistiek was kontemplasie meestal ’n belangrike element en die hoogmistiek het altyd hierheen beweeg. Hierdie soort verbybeweeg-meditasie kry mens byvoorbeeld in die Weste by Plutonius (204–270), die grootste gees van die Neo-Platonisme; in die Boeddhisme in die Theravada-skool en in die Hindoeïsme in die Sankhya-Joga. (Terme moet ons nie verwar nie, want hulle word afwisselend gebruik. In die Christelike tradisie word die verbybeweging veelal ‘kontemplasie’ genoem, terwyl ander tradisies dit dikwels ‘meditasie’ noem.)” (***Gebed van die Hart*** :35, kursief in oorspronklike.)

Daar het jy dit: Kontemplasie, Meditasie — dieselfde ding. En Nicol bevestig die oorsprong lê in die Ooste! Dit word deur die volgende aanhaling ondersteun.

Gedurende die middeleeue was daar ’n groep kluisenaars in die Midde-Ooste wat as die *woestynvaders* bekend staan. Hulle het in afsondering in klein kommunes saamgewoon en hulle lewens totaal aan God gewy. Die kontemplatiewe beweging se wortels kan tot by die groepies kluisenaars monikke terug gevoer word. Hulle was die eerste wat die *mantra* as gebedsvorm gebruik en bevorder het. ’n Voorstander van meditasie stel dit so: “The meditation practices and rules for living of these earliest Christian monks bear strong similarity to those of their Hindu and Buddhist renunciate brethren several kingdoms to the East…the meditative techniques they adopted for finding their God suggest either a borrowing from the East or a spontaneous rediscovery.” (Daniel Goleman, ***The Meditative Mind***, Tarcher/ Putman Inc., 1988:66 soos aangehaal in ***A Time of Departing*** :45.)

Een teoloog wys daarop dat die “[D]evelopment of Christian meditative disciplines should have begun in Egypt because much of the intellectual, philosophical, and theological basis of the practice of meditation in Christianity also comes out of the theology of Hellenic and Roman Egypt. This is significant because it was in Alexandria that Christian theology had the most contact with the various

Gnostic speculations which, according to many scholars, have their roots in the East, possibly in India." (Father William Teska, ***Meditation in Christianity***, Himalayan Institute, 1973:65, soos aangehaal in ***A Time of Departing*** :46)

Ondersteuning kom ook vanuit die volgende: "New Age therapist Jacquelyn Small lists contemplative prayer as a gateway to the spirituality to which she belongs. She explains it as: 'A form of Christian meditation, its practioners are trained to focus on an inner symbol that quiets the mind…When practioners become skilled at this method of meditation, they undergo a deep trance state similar to auto-hypnosis.'" (Jacquelyn Small, ***Awakening in Time***, Bantam Books, 1991:261)

Die redakteurs van *New Age Journal* het 'n boek saamgestel, *As Above So Below*, wat hulle aanbeveel as 'n boek oor *Maniere tot Spirituele Hernuwing* volgens hulle wêreldbeeld. Dit bevat hoofstukke oor shamanisme, godin aanbidding, holistiese genesing en kontemplatiewe gebed. Trots verklaar hulle: "Those who have practiced Transcendental Meditation may be surprised to learn that Christianity has its own timehonored form of mantra meditation…Reliance on a mantric centering device had a long history in the mystical canon of Christianity." (Ronald S. Miller, Redakteur van ***New Age Journal, As Above So Below***, Tarcher/Putnam Inc., 1992:52, soos aangehaal in ***A Time of Departing*** :48.)

Stilte:

Volgens die voorstanders van dié tegnieke is stilte en die leegmaak van jou gedagtes en afsluiting van die dinge rondom en binne-in jou en so te wag op God om met jou te praat, een manier. 'n Ander is sentrering *("centering")* wat met die asemhalingsgebed *("breath prayer")* gekombineer kan word. Dr Nicol skryf so in sy ***Gebed van die Hart***: "…ek hou meer van een van die bekendste Engelse mistieke boeke. Dis teen die einde van die veertiende eeu (sien drie paragrawe verder aan) geskryf deur 'n onbekende persoon in die Noordoostelike Middellande van Engeland. Sy wenk is dat mens self 'n kort woord kies wat uitdrukking gee aan jou begeerte na God. Dit is dié metode wat in die moderne onderrig oor 'centering prayer' verfyn is." (:120) Op bls 129 sê hy die volgende: "Die beweging van jou asem kan ook vir jou 'n simbool word dat jy *ja* sê vir God. Jou aandag is nie op jou asem gekonsentreer nie, maar jou asem help jou om terug te keer na God toe." Dit is duidelik dat hy voorstel dat 'n woord soos 'n mantra in sinchronisasie met jou asemteue gebruik word en dus herhaal word.

Yungen verduidelik die proses so: "…I discovered this *mystical silence* is accomplished by the same methods as used by New Agers to achieve their silence—the mantra and the breath! Comtemplative prayer is the repetition of what is referred to as a *prayer word* or *sacred word* until one reaches a state where the soul, rather than the mind, contemplates God. Contemplative prayer teacher Willigis Jager brought this out when he instructed: 'Do not reflect on the meaning of the word; thinking and reflecting must cease, as all mystical writers insist. Simply 'sound' the word silently, letting go of all feelings and thoughts.'

"Those with some theological training may recognize this teaching as the historical stream going back centuries to such figures as Meister Eckhart, Teresa of Avila, John of the Cross, and Julian of Norwich.

"One of the most well known writings on the subject is the classic 14th century (is dit dieselfde skrywer en boek waarna Nicol hierbo verwys?) treatise, *The Cloud of Unknowing*, written by an anonymous author. It is essentially a manual on comtemplative prayer issuing such instructions as: 'Take just a little word, of one syllable rather than two… With this word you are to strike down every kind of thought under the cloud of forgetting.'

"The premise here is that God can never be really known in a conventional non-mystical way. Therefore, the mind has to be *shut down, turned-off* so one can enter the cloud of unknowing where the presence of God awaits. The practioners of this method believe if the sacred words are Christian, you will get Christ—it is simply a matter of intent." (***A Time of Departing*** :38-39)

Yungen skryf soos volg: "Many sincere, devout and respected Christians have embraced Thomas Merton's vision that: 'The most important need in the Christian world today is this inner truth nourished by this Spirit of contemplation…Without contemplation and interior prayer the Church cannot fulfill her mission to transform and save mankind.'" (Thomas Merton, ***Contemplative Prayer***, New York Image Books, Doubleday Pub., 1989:115-116, soos aangehaal in ***A Time of Departing*** :121) Is dit nie die Evangelie wat red en die Heilige Gees wat mense verander nie? Was dit nie deur al die eeue die boodskap van redding van die Kerk nie? Wanneer was Jesus se opdrag aan die Kerk om deur kontemplatiewe gebed mense te red? Het hy nie gesê, "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." (Matt 28:19,20a)

Is Nicol eerlik in sy aanhalings en verwysings na Meister Eckhart, Teresa van Avila, en John of the Cross, onder andere, deur nie daarop te wys nie dat hulle almal voorstanders van die hoogmistiek en kontemplatiewe gebed was?

Was ons Here Jesus deurmekaar of het Hy die mense mislei toe Hy gesê het? "Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik." (Matt 6:7) Daarna gaan Hy voort en leer die mense die Onse Vader gebed wat nugter en met volle rassionele denke gebid word. Nêrens in die hele Skrif kry ek een voorbeeld van gebed deur die stil herhaling van een woord in die mens se gedagtes nie!

Die ervarings wat mense in die Bybel gehad het, Elia, Petrus en ander was deur God geïnisieer en dit nie terwyl hulle in stilte op God gewag het nie. Petrus byvoorbeeld was besig om te bid. "Petrus het toe vir hulle alles mooi uiteengesit: 'Ek was in Joppe besig om te bid toe ek in geesvervoering 'n gesig gesien het,' het hy gesê. 'Ek het iets soos 'n groot doek wat aan sy vier punte neergelaat word, uit die hemel sien afkom, en dit het tot by my gekom…'" (Hand 11:4-5)

Ex-New Ager en gewese beoefenaar van meditasie soos hierbo beskryf, bevestig die inwerking van God se geskrewe Woord op hom nadat hy tot bekering gekom het. "Never during this time did I silence my thoughts. His written Word cried out to me. The verses of the Bible rumbled like thunder in my heart. His Word called out loudly and clearly. They set me on the path of His will for me, not my own. All this was accomplished **without** seeking the silence, **without** centering down, **without** breath prayer, and **without** contemplative prayer." (Brian Flynn, ***Running Against the Wind*** :156, beklemtoning myne.)

Yungen skryf soos volg oor 'n pastor-vriend van hom, Ron Comer, se ervaring wat deur kontemplatiewe gebed mislei was:

"*One day I decided to lock myself in my office and not come out until I knew I had met God. I took from my shelf a book by Richard Foster called Celebration of Discipline. I had briefly read it years before but did not give much attention to its practical application. Now, as I began to read, I was intrigued by the freshness of Foster's approach. It seemed so freeing to come before God and just empty me or myself. I knew God could not fill me if self was in the way.*

"*I laid the book on the floor and got on my knees. I began to step through Foster's teachings of how to come before God. I emptied my mind of all thought and began to repeat sacred words that brought praise to God. I found myself repeating the same words over and over. After a period of about two hours, I began to feel a release from all my cares. As contrary as it seems, my body began to feel an energy that was both exciting and relaxing. My mind was at peace and my spirit open to any experience God would share with me. I began to slip into a euphoric mystical state. Suddenly, I was struck by five powerful words that penetrated every sense of my existence. The words were firm but loving. My inner spirit had never heard such clarity. The five words were, 'This is not from Me!'*

"Immediately upon hearing these words I began to grieve at all I was doing, and I repented — feeling polluted and foolish. I quickly realized I had not been enjoying God but had opened my mind and my heart to a seducing spirit. God ended this episode by confirming in my spirit I needed to stay alert and discerning for deceptive spirits that were amazingly good at emulating the Spirit of God and masquerading as angels of light.'" (Soos vertel aan Yungen. ***A Time of Departing*** *:125,126)*

Vanuit die invloedryke Shalem Prayer Institute in Washington DC en onder die leiding van Tilden Edwards en hulle opleidingsprogramme kom 'n menigte geestelike leiers. In sy boek *Spiritual Friend* beveel hy vir die beoefenaars van kontemplatiewe gebed die boek, *Psychosynthesis*, aan. Hiermee moet elke Christen 'n ernstige probleem hê—dié boek is deur 'n okkultis, Roberto Assagioli, geskryf! Waarom sal iemand wat kontemplatiewe gebed aan Christene leer 'n boek deur 'n okkultis aanbeveel? Veral aangesien Edwards self ons verseker dat kontemplatiewe gebed nie-Christelik is nie: "This mystical stream [contemplative prayer] is the Western bridge to Far East spirituality." (Tilden Edwards, ***Spiritual Friend***, Paulist Press, 1980:162-163, soos aangehaal in ***A Time of Departing*** :49.)

Laat alle Christene wat hierdie metodes beoefen, of beoog om dit te doen kennis neem van die gevierde prediker van jare gelede, Charles Spurgeon: "Human wisdom delights to trim and arrange the doctrine of the cross into a system more artificial and more congenial with the depraved tastes of fallen nature; instead, however, of improving the gospel carnal wisdom pollutes it, until it becomes another gospel, and not the truth of God at all. All alterations and amendments of the Lord's own Word are defilements and pollutions." (Charles Spurgeon, ***Morning and Evening***, Hendricksen Publishers :1991:392, soos aangehaal in ***A Time of Departing*** :49.)

Omdat mense neig om die leuen te glo en agter misleiding aan te hardloop sal God hulle aan die dwaling oorgee. "Dit is ook waarom God hulle aan die mag van die dwaling oorgee, sodat hulle die leuen sal glo." (2 Tess 2:11) Die keuse is dus joune — glo jy vir God en sy Woord wat teen hierdie dinge waarsku of verkies jy om eerder jou eie gedagtes en die mense te glo?

Dus moet ons nie Dr Larry Crabb se woorde in die voorwoord van David G Benner se boek in die wind slaan nie: "The spiritual climate is ripe. Jesus seekers across the world are being prepared to abandon the old way of the written code for the new way of the Spirit." (David G Benner, ***Sacred Companions: The Gift of Spiritual Friendship & Direction***, Intervasity Press, 2002:9, soos aangehaal in ***A Time of Departing*** :137)

Die eindtydse kerk

"Die 20ste eeu was die eeu van die mens, waarin humanisme, materialisme en roem in die prestasies van die mens die botoon gevoer het — ook in sy godsdiensbelewenis. God is nie uitdruklik wegverklaar nie (behalwe in ekstreme gevalle) maar die Here en sy liefde vir die mensdom word as gegewe aanvaar — soos 'n skildery wat teen die muur hang of 'n beeld wat iewers in die huis of die tuin opgerig is. Hierdie "prentjie" van die Here bestaan net in mense se gedagtes, omdat 'n aktiewe verhouding met Hom ontbreek.

"Die mensgemaakte beeld van God is baie positivisties omdat Hy net daar is om die mens, soos hy is, te seën. Almal word na die kerk genooi en op 'n maklike manier salig gespreek. Negatiewe onderwerpe soos sonde, die duiwel en die hel word feitlik glad nie genoem nie. In antwoord op die behoeftes van die moderne mens het geestelike standaarde oor 'n breë front afgeneem. Kerke wat nie hierdie benadering volg nie, verloor vinnig lidmate en voer 'n sukkelbestaan. Die verbruikersvriendelike godsdiens van die groot kerke het 'n aansienlike toeloop na hulle veroorsaak, maar geestelike bankrotskap is die uiteinde van hierdie pad wat vir die mens reg lyk, maar uit God se oogpunt na die dood lei (Spr. 14:12).

"Die volgende ses eienskappe is kenmerkend van die mensgerigte godsdiens van ons tyd: Menslike saligspreking, Uitfasering van die duiwel en die hel, Voorspoed, Tekens en wonders, 'n Alternatiewe spiritualiteit, Eenheid en vrede, aldus Prof Johan Malan.

Dr John MacArthur beskryf die hededaagse Kerk so en gee ook die oplossing: "The philosophy that marries marketing technique with church growth theory is the result of bad theology. It assumes that if you package the gospel right, people will get saved…The goal of marketdriven ministry is an instantaneous human decision, rather than a radical transformation of the heart wrought by Almighty God through the Holy Spirit's convicting work and the truth of His Word. An honest belief in the sovereignty of God in salvation would bring an end to a lot of nonsense that is going on in the church." (John MacArthur, ***Ashamed of the Gospel***, Crossway Books, 1993, elektoniese uitgawe, soos aangehaal in ***Running Against the Wind*** :182,183)

Brian Flynn getuig as volg: "Eleven years ago I walked away from the life of a New Age medium and gave my heart to Jesus Christ. As a medium, I performed psychic readings and, through meditative practices, contacted spirit guides. At the time, I did not realize these guides were demonic. Now as a Christian, I no longer have to chant, go into altered states of consciousness or perform rituals to find the peace and truth I found through the Lord and his Word." (Gedeelte uit 'n artikel wat ek per E-pos, ontvang het.)

Dalk is Berit Kjös se waarskuwing van pas op hierdie stadium: "The shift from truth-based Christianity to feeling-based spirituality has swung wide the door to deception. Today, if a teacher or 'prophet' majors in manifestations rather than biblical truth—or if anyone suggests that you seek *experience* rather than deep understanding of God through His Word—beware. God wants you to delight in His presence, but seeking ecstatic *experiences* rather than oneness with His heart and purpose can lead to deception." (***A Twist of Faith*** :165, kursief in oorspronklike.)

God se opdrag aan Sy volk:

Voordat God se volk die beloofde land ingetrek het, het Hy hulle as volg gewaarsku: "Wanneer jy in die land kom wat die Here jou God vir jou sal gee, moet jy nie die afskuwelike praktyke van daardie nasies aanleer nie." (Deut 18:9)

Omdat die God van die Bybel se mense anders is en dinge anders moet doen, gee Hy baie eeue gelede streng opdragte oor die wat en die hoe: "Vernietig elke plek waar die nasies vir wie julle gaan verdryf, hulle gode gedien het: op hoë berge, op heuwels en onder elke groen boom. Breek hulle altare af, breek hulle klippilare stukkend, verbrand hulle gewyde pale, vernietig hulle afgodsbeelde en verwyder elke teken van hulle bestaan uit die land uit. **Julle mag nie die Here julle God dien op die manier waarop ander nasies hulle gode dien nie**." (Deut 12:2–3, beklemtoning myne.)

Die Nuwe Testamentiese Kerk het dit nie anders gedoen nie. Daar was nie allerhande mistieke ervarings, stiltes, ontledings en bemarkingsmetodes om mense te kry om kerk toe te kom nie. Dit was net die prediking van die Evangelie en lering.

Mislei die Woord van die Here ons dan wanneer ons lees, *"Maar nou is julle een met Christus Jesus. Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het* ***nou naby gekom deur die bloed van Christus****."* (Ef 2:13. En: *"Broers,* ***ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom****…"* (Heb 10:19, vetdruk myne.) Waarom is allerhande mistieke metodes dan nog nodig?

Daar is 'n duidelike boodskap aan die Kerk van vandag te vinde in die Skrif temidde van al hierdie *nuwe* dinge wat subtiel en stelselmatig die Kerk binnesypel: "En Hy sê vir my: Mensekind, sien jy wat hulle doen, die groot gruwels wat die huis van Israel hier aanrig, **dat Ek ver van my heiligdom af moet weggaan**?" (Eseg 8:6, OAV. Let op die NAV sê Israel bedryf die gruwels ver van die Heiligdom af, terwyl die 1933/53 vertaling dit soos die vele Engelse vertalings het dat a.g.v., van die gruwels wat die volk bedryf gaan God ver van Sy Heiligdom af! Sê dit nie iets vir ons nie? Is dit dalk hoekom die mens en die Kerk vandag allerhande byderwetse dinge probeer om tog net met God weer kontak te probeer maak?)

Berit Kjös deel die volgende met ons: "Neo-pagans may deny sin's power, Buddhists may offer noble alternatives, and New Age movements may inspire a massive leap in consciousness, but they all miss the point. Humanity can never evolve beyond its need for the Cross." (***A Twist of Faith***, :144)

Hierdie is maar net sommige van die

praktyke wat besig is om in die Kerk pos te vat. Baie van hierdie praktyke is soos ysberge—mooi en indrukwekkend op die oppervlak, maar die onsigbare groot verborge gedeeltes onder die oppervlak is in staat om groot skade aan te rig en die impak van die Evangelie skade aan te doen. Christene kan dus nie langer stilbly oor die dinge wat in stryd is met die Evangelie van Jesus Christus, hoe subtiel hierdie praktyke ookal mag wees nie.

Die Skrif sê ook: "…daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor." 2 Tim 4:3,4) Is ons dalk besig om dit al meer in vervulling te sien gaan?

Dalk is daar nog 'n les vir die Kerk te leer uit die geskiedenis van Kain en Abel. God het van hulle verwag om diere aan Hom te offer, maar Kain het anders gedink; waarom nie my eie manier van toewyding probeer nie? Hy offer toe vrugte en dink dit sal beter wees as 'n dooie dier—en God verwerp dit. Laat ons nie nalaat om na God te luister nie, maar doen soos Hy wil en wat Hy wil, en dit is vervat in Sy heilige Woord.

Soos iemand gesê het, as jy wil uitvind hoe om kerk te doen is dit nie nodig om allerhande boeke te lees oor hoe om die kerk te bemark en so aan te pas dat dit die mense geval nie, gaan lees net die Boek van Handelinge.

Die boodskap van Jesus Christus reik verby die verlore toestand van die mens want die liefde van God het dit moontlik gemaak toe Hy sy enigste Seun geoffer het terwille van 'n verlore mensdom. Die Bybel se boodskap is dat die mens van nature 'n weerbarstige en sondige geaardheid het, dat sy weë self-gesentreerd en boos is in die oë van God, maar dat God dit nogtans nie ignoreer nie. Die bewys is die kruisdood van Jesus Christus waardeur God die wêreld met Homself versoen en is die enigste manier waardeur die mens God se vrede, vergewing en ewige lewe kan ontvang, wanneer hy aanvaar dat Jesus Christus vir hom hierdie uiterste prys betaal het.

Die antwoord op die kontemplatiewe gebedsbeweging is eenvoudig. 'n Christen het die volheid in Christus. Die redenasie dat kontemplatiewe gebed 'n voller maat van God se liefde, leiding en versorging verseker is die kern van oneer aan Jesus Christus, die Goeie Herder. Dit is die essensie van anti-Christelikheid. Dr Paul Bubna skryf in 'n artikel, *Purveyors of Grace or Ungrace*: "Knowing Christ is a journey of solid theological understanding. It is the Holy Spirit's illuminating the Scriptures to our darkened minds and hearts that give birth to the wonder of unconditional love." (Dr Paul Bubna, ***President Briefings, C&MA, Purveyors of Grace and Ungrace***, March 1978, soos aangehaal in ***A Time of Departing*** :124)

Daarom kan die Christen nie anders as om vas te staan teen hierdie dinge. Wanneer nagelaat word om die kruis van Christus te verkondig soos met kontemplatiewe gebed die geval is, dan is dit nie die krag van God nie! "Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God." (I Cor 1:18) Indien ander maniere korrek is dan het Christus verniet gesterf! Ons moet dus waak daarteen dat die Waarheid nie vermis word nie. (Jes 59:15 OAV)

Voetnotas:

1. The Evangelical Dictionary of Theology definieer panenteïsme soos volg: "[it combines] the strengths of classic theism with the strengths of classic pantheism." Panteïsme = Alles is God. Panenteïsme = God is in alles.
2. Meditatiewe staptogte word meesal in laberinte ("labyrinths") 'n soort doolhof, onderneem.
3. Volgens New Agers beweeg die aarde in sy siklus ongeveer elke 2 100 jaar in 'n ander sterreteken in. Die eerste 2 000 jaar was die era van die "Visse" daarom die teken van die die vis vir die Christene. Die Messias vir hierdie tydperk was Christus. Nou beweeg die aarde in die era van die "Waterdraer" in en dus moet 'n nuwe messias na vore kom. So weet ons van Maitreya wat in die jare 80 aangekondig is. Die panteïstiese en panenteïstiese siening is dat die mens self god is en dus is hy sy eie messias en redder.
4. Dus word ook Boeddhiste, Hindoes en vele ander wat meditasie beoefen in hierdie kring verwelkom. Mens kan tereg vra. *Wat se soort Christene is hierdie dan?*
5. "Contemplative Outreach, die New York-gebasseerde organisasie wat wêreldwyd die *gebed van die hart* leer, bied ook retreats en dae van vernuwing aan. Hulle het takke in Pretoria, Johannesburg, Durban en Kaapstad." (***Gebed van die Hart*** :186)
6. Die idee is uit die kamp van die sielkunde en *Power of Positive Thinking* voorstanders met guru's soos: Earl Nightingale, Robert Schuller, Deepak Chopra, Maxwell Maltz en vele ander

****

Wie is Guyon, Foster en andere?

Madam Guyon (1648–1717) was 'n Rooms Katolieke mistikus wat kortlik so beskryf word deur Pastoor G Richard Fisher van Personal Freedom Outreach: "The school of mysticism that Guyon adhered to...was an extreme form of Roman Catholic mysticism that emphasized the cleansing of one's inner life and included the belief that one could see Christ visibly...Guyon's beliefs do not even come close to biblical Christianity. What she proposes is sheer essence mysticism and Catholicism mutated into even more horrible errors. That man could become like God was one of the first lies held out by Satan to Adam and Eve (Genesis 3)." (Inligting vanaf die Internet.)

Richard Foster is die stigter van Renovare wat daarop ingestel is om mense al die dinge te leer en meer as wat in die artikel ter sprake gekom het. Mike Oppenheimer van Let Us Reason Ministry skryf op sy webwerf so oor Foster: "Many New Age teachings are present within the seemingly innocuous context of Foster's preaching and writing… Many of these teachings lead into the spiritually dark and murky world of interaction with deceiving demonic spirits — dare we just ignore the dangers? Foster brings the New Age delusion which has been labelled 'Christian mysticism' by the unwary and gullible. Albert James Dager, of 'Media Spotlight' writes of the mystical practices Foster teaches and indulges himself in: 'Unfortunately, all these exercises serve to do is open the person up to demonic influences that assuage his or her conscience with a feeling of euphoria and even 'love' emanating from the presence that has invaded their consciousness. This euphoria is then believed to validate that the person is on the right spiritual path. It may result in visions, out-of body experiences, stigmata, levitation, even healings and other apparent miracles.'" (Vanaf die Internet.)

Mens kan tereg wonder waarom Nicol aanhaal uit Madam Guyon en Richard Foster—is dit dalk omdat dit wat hulle kwyt geraak het en in Foster se geval nog steeds kwyt raak inpas by dit wat hy glo?

Bo en behalwe die bogemelde mistici verwys Nicol ook nog na, William Meninger, Basil Pennigton, Thomas Keating, Evelyn Underhill, Meister Eckhart en Teresa van Avila.

Persone en hulle betrokkenheid:
Sentrering/kontemplasie: Mike Bickle, Tilden Edwards, **Richard Foster, Thomas Keating**, Morton Kelsey, Brennan Manning, Gerald May, Henri Nouwen, **Basil Pennington**, Thomas Ryan, Patricia Treece.
Dwaalleer: Finis Jennings, Charles Darwin, **Meister Eckhart**, **Madam Jeanne Guyon**, Hannah Hurnard, Michael Ruse, Gwen Shablin.